
# VERBRUIKERSTUDIES: OPSOMMENDE NOTAS
# GRAAD 10 – KWARTAAL 3

**TEKSTIELVESELS & TEKSTIELSTOWWE**



## *natuurlike vesels*

**KATOEN | LINNE | WOL | SY**

## *terminologie*

| GEMAKLIK | DUURSAAM | ELASTIES / VEERKRAGTIG | ABSORPSIEVERMOË |
|---|---|---|---|
| Pas jou liggaam, sonder om styf te span of te kreukel. Dit behou liggaamshitte. | Sterk en skeur nie maklik nie. Slytbestand (skuur nie maklik deur nie). | Kan na sy oorspronklike posisie terugkeer nadat dit gerek is. | Vermoë om vog vanaf die vel op te suig en te laat verdamp, sodat jy nie klam voel nie. Bou nie statiese elektrisiteit op nie. |
| **FRUMMEL** | **WATERWEREND** | **WATERDIG** | |
| Vorm frummeltjies / balletjies op die oppervlakte a.g.v slytasie. | Absorbeer water tot 'n mate, en jy bly gedeeltelik droog. | Water dring gladnie die tekstielstof binne nie en jy bly heeltemal droog |  |



# plantaardige vesels




bestaan uit sellulose


## KATOEN



| OORSPRONG | EIENSKAPPE | GEBRUIKE | IDENTIFI-SERING | HANTERING |
|---|---|---|---|---|
| Saad van katoenpeul. | Absorberend<br>Duursaam<br>Sterk<br>Slytbestand<br><br>Geleier van hitte.<br><br>Geen statiese elektrisiteit.<br><br>Swamme & insekte kan dit beskadig<br><br>Krimp na eerste was<br><br>Nie elasties of veerkragtig nie | Somersklere<br><br>Bedlinne<br><br>Handdoeke<br><br>Vadoeke<br><br>Bekleedsel | **Brandtoets:** Brand vinnig en hou aan brand as vlam verwyder word.<br><br>Reuk: papier<br><br>Na Brand: Slegs grys en donserige as. | Masjienwas (110˚C)<br><br>Enige wasmiddel<br><br>Kan gebleik word.<br><br>Kan hard gevryf word (slytbestand).<br><br>Baie warm strykyster.<br><br>Tuimeldroog. |







# plantaardige vesels





bestaan uit sellulose

## LINNE (VLAS)

| OORSPRONG | EIENSKAPPE | GEBRUIKE | IDENTIFI-SERING | HANTERING |
|---|---|---|---|---|
| Vlasplant | Absorberend<br>Duursaam<br>Sterk<br>Slytbestand<br><br>Geleier van hitte.<br><br>Geen statiese elektrisiteit.<br><br>Swamme & insekte kan dit beskadig<br><br>Krimp na eerste was<br><br>Nie elasties of veerkragtig nie | Somersklere<br>Lakens<br>Vadoeke<br>Bekleedsel<br>Tafeldoeke<br>Gordyne<br>Los oortreksels | **Brandtoets:** Brand vinnig en hou aan brand as vlam verwyder word.<br><br>Reuk: papier<br><br>Na Brand: Slegs grys en donserige as. | Masjienwas (110˚C)<br><br>Enige wasmiddel<br><br>Kan gebleik word.<br><br>Kan hard gevryf word (slytbestand).<br><br>Baie warm strykyster.<br><br>Tuimeldroog. |









# dierlike vesels





bestaan uit proteïne

## WOL

| OORSPRONG | EIENSKAPPE | GEBRUIKE | IDENTIFI-SERING | HANTERING |
|---|---|---|---|---|
| Skape<br><br>Bokke<br><br>Hase | Absorberend (kleur maklik)<br><br>Goeie isolasie (warm)<br><br>Elasties<br><br>Swak geleier<br><br>Veerkragtig (kreukel nie)<br><br>Vlamtraag (brand nie maklik)<br><br>Swak as dit nat word.<br><br>Vergeel in son<br><br>Kan deur insekte & alkalië beskadig word. | Wintersklere<br><br>Gordyne<br><br>Komberse<br><br>Matte | **Brandtoets:** Brand stadig met 'n flikkerende vlam<br><br>Smeul en gaan dood as vlam verwyder word.<br><br>Reuk: Hare<br><br>As: Donker korrel wat fyn word as jy daaraan vat. | Handwas<br><br>Lou wáter.<br><br>Rek as dit nat is – laat plat lê om droog te word.<br><br>Verkieslik droog-skoonmaak. |




Steps involved in processing of wool



# dierlike vesels



bestaan uit proteïne

## SY



| OORSPRONG | EIENSKAPPE | GEBRUIKE | IDENTIFI-SERING | HANTERING |
|---|---|---|---|---|
| Sywurms wat kokonne spin. | Absorberend (kleur maklik)<br><br>Slytbestand.<br>Sterk .<br>Effens elasties<br>Swak geleier.<br><br>Krimp nie tydens was nie.<br><br>Lyk duur.<br><br>Vergeel in son<br><br>Kan deur insekte, die son en bleikmiddels beskadig word<br><br>Sweet maak vlekke.<br><br>Staties | Aandrokke<br><br>Trourokke<br><br>Onderklere<br><br>Serpe<br><br>Gordyne<br><br>Bekleedsel | **Brandtoets:** Brand stadig met 'n flikkerende vlam<br><br>Smeul en gaan dood as vlam verwyder word.<br><br>Reuk: Hare<br><br>As: Donker korrel wat fyn word as jy daaraan vat. | Handwas – wees versigtig (water vlek dit).<br><br>Droog-skoonmaak.<br><br>Koel water.<br><br>Weg van son.<br><br>Stryk: lae temperature aan agterkant. |





**Unauthorised Distribution Disclaimer**

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.

KWALITEIT STUDIEMATERIAAL | QUALITY STUDY MATERIAL | aplusstudies1@gmail.com

B.Sc. Consumer Sciences & Tourism Management | PGCE |
B.Ed Honours in Curriculum development | Graphic Design L1

A Jonker